
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Ons Wandel deur Geloof



"...Al die seëninge in ons lewe kom deur geloof. Daar is niks meer duidelik in die Bybel as dat ons GELOOF moet hê en dit dan TOEPAS . Dis duidelik dat die mens van die Here ontvang VOLGENS SY GELOOF..."

Al die seëninge in ons lewe kom deur geloof. Daar is niks meer duidelik in die Bybel as dat ons GELOOF moet hê en dit dan TOEPAS . Dis duidelik dat die mens van die Here ontvang VOLGENS SY GELOOF.

Mat. 9:28-29: En nadat Hy in die huis gegaan het, kom die blindes na Hom toe. En Jesus sê vir hulle: Glo julle dat Ek dit kan doen? Hulle antwoord Hom: Ja, Here.

Toe raak Hy hulle oë aan en sê: Laat dit vir julle wees volgens julle geloof.

Mark. 9:23: En Jesus sê vir hom: Wat ditbetref - as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.

Mark. 11:22-23: Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.

Want voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see - en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur - hy sal verkry net wat hy sê.

Heb. 11:6: En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Dit het al dikwels in my gemoed opgekom dat as ons 'n gebrek aan geloof het, ons sekerlik ons Hemelse Vader se Hart baie grief. Kom ons gebruik maar weer die beeld van ouers en kinders. Sê nou maar my dierbare kind sou na my toe kom, en sê: "Pa, ek weet jy het my lief en sorg elke dag vir my en probeer om vir my alles te gee wat ek nodig het, tog is dit vir my moeilik om te glo dat dit wat jy vir my belowe het, jy wel vir my gaan gee." Sulke woorde en gesindheid sou my baie hartseer maak.

Maar ons kom tog by ons Hemelse Vader en sê iets dergeliks: "Hemelse Vader, ek weet dat U my liefhet, want U het vir my voorsiening gemaak op Golgota en U seën my elke dag, tog het ek nie genoeg geloof in U om te glo dat U my wil genees van hierdie siekte nie."

So 'n gesindheid beteken vir my net een ding, en dit is dat die persoon wat sò bid geen benul van Sy Hemelse Vader het nie.

In 1 Tim. 1:19(a) staan daar die volgende: **..... en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou.** Graag haal ek dieselfde vers aan soos dit in die Engelse Toegeligte Bybel vertaal is: **Keeping fast hold on faith (that leaning the entire human personality on God in absolute trust and confidence) and a good, clear conscience.**

Hierdie gedeelte tussen hakkies is vir my sò 'n uitstekende beskrywing van 'n sterk geloof: *die vertroue van die hele menslike persoonlikheid op God in absolute geloof en vrymoedigheid.* As 'n mens sò 'n verhouding met jou Hemelse Vader handhaaf, sal daar beslis baie min ruimte wees vir ongeloof! Want geen mens wat Jesus Christus en Sy Liefde

vir die mens regtig INTIEM ken, kan aan Hom twyfel nie.

Die heel bekendste Skrif teks wat gaan oor geloof is seker Heb. 11:1: **Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.**

Lees hierdie teks asb. weer ernstig deur, en let

ook op die vertaling daarvan in die

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Ons wandel deur geloof)

Nuwe Afrikaanse vertaling: **Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.**

Now faith is the substance of things hoped for, the evidence of things not seen (King James vertaling)

Hier leer God ons dat geloof inhoud gee aan die dinge wat ons hoop - dis 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Sodra ons dit waarvoor ons gevra het met ons fisiese oë kan sien, het ons nie meer geloof nodig nie!

2 Kor. 5:7: Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.

Wat beteken dit in die praktyk? Hoe moet 'n mens optree nadat jy jou Hemelse Vader vir iets gevra het en nou gelowig wag vir die manifestasie daarvan?

Dis eintlik baie eenvoudig en ek verduidelik weer deur middel van 'n voorbeeld. Sê nou maar ek skakel jou en sê dat ek vir jou 'n pakkie met orgideë op die trein gelaai het - jy moet dit môre by jou spoorwegstasie van die trein gaan afhaal.

Jou eerste reaksie sal een wees van vreugde en dankbaarheid en jy sal dit hartlik aan my oordra. Let op, jy het nog glad nie hierdie pakkie met 'n klomp orgideë gesien nie, maar my woord is vir jou genoeg. Sodra jy die foon neersit begin jy ook dadelik beplan wat jy daarmee gaan maak: 'n mooi rangskikking vir die sitkamer; dalk nog een op die klavier in die gesinskamer, en as daar 'n paar blomme oor is gaan jy dit vir jou moeder gee - sy is mos sò lief vir diè soort blomme. Jy BEDANK my asof jy die blomme reeds het en BEPLAN rondom hulle heen, voordat jy hulle gesien het! DIS GELOOF, maar in 'n mens!

God gee ons ook Sy Woord vol wonderlike beloftes en Hy is tog sekerlik nie 'n mens dat Hy kan lieg nie! As ons dus vir Hom iets gevra het volgens Sy Wil, moet ons begin optree ASOF ONS DIT REEDS ONTVANG HET! Begin deur Hom te loof en te dank vir dit wat jy van Hom af gaan ontvang, alhoewel jy dit nog nie eers gesien het nie.

Kom ons gebruik weereens die geval van fisiese genesing. Jy ly al lank aan sinushoofpyne. Na die gebed het jy nog steeds die pyn in jou kop en sinusholtes, maar die Here sê in Mark. 11:24: **WANNEER JY BID, glo dat jy ontvang** (nie eers wanneer jy ontvang het nie!) GLO DUS NOU dat die gebed beantwoord is, en begin die Here daarvoor te dank, alhoewel jy nog nie verligting voel nie. Jy hoef ook nie leuens te vertel nie, maar jy kan bv. sê: "Baie dankie Here vir die verskillende wyses van genesing wat U vir ons voorgeskryf het in U Woord. Dankie dat 'n gelowige Kind van U vandag vir my kon hande oplê en bid en ek GLO dat die genesing sal manifesteer (gesond word) Mat. 16. Ek voel nog die hoofpyn, maar ek wag vir die verligting daarvan volgens U beloftes in U Woord. Ek wandel nie deur aanskouing (wat ek sien) nie, maar deur die geloof. Ere aan Jesus Christus in Wie se Naam ek bid." Hou net vol om die Here te loof en dank, en jou volkome genesing SAL volg.

"..WANNEER JY BID, glo dat jy ontvang (nie eers wanneer jy ontvang het nie!) GLO DUS NOU dat die gebed beantwoord is, en begin die Here daarvoor te dank, alhoewel jy nog nie verligting voel nie...." Markus 11:24:

Let weereens op Mark. 11:24: **Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, GLO dat julle dit SAL ontvang, en julle SAL dit verkry.**

Therefore I say unto you, what things soever ye desire, WHEN ye pray, BELIEVE

that ye receive them, and ye shall have them.

Deur te glo dat jy van die Here ontvang WANNEER JY BID en Hom dan te dank en loof TOTDAT dit wat jy gevra het manifesteer, getuig van WAREGELOOF, want jy GLO, alhoewel jy nog nie gesien het nie.

In die wêreld daar buite is die spreekwoord mos: AS EK SIEN SAL EK GLO, maar die Here se wyse is anders. Hy sê AS JY GLO, SAL JY SIEN!

Lees Rom. 12:3: **Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie: maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na DIE MAAT VAN GELOOF SOOS GOD DIT AAN ELKEEN TOEBEDEEL HET.**

Paulus skryf hier aan die gemeente in Rome, die Liggaam van Jesus Christus. As jy dus 'n deel is van Sy Liggaam hier op aarde, het jy die maat van geloof soos elke ander kind van God. Onthou, God verkies nie een mens bo 'n ander nie, daarom deel Hy alles in gelyke mate uit, oor geloof. Dis 'n geskenk van God aan jou (Ef. 2:8-9). Die kanaal wat ons Hemelse Vader gebruik om hierdie genadegif, Godsoortige geloof, in ons te aktiveer, is die Bybel. Dis tog deur die Bybel dat jy eers ontdek het dat jy verlore was, dat God jou liefhet, en dat jy tot bekering moet kom. Die Bybel is God se uitverkose kanaal, en daar is geen ander manier om Godsoortige geloof te bekom nie.

Ons kom weer terug na die teks wat ons vroeër al aangehaal het:

Rom. 10:17: Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.

Dit is dus daarom sò belangrik dat die Woord van God in ons kerke verkondig word en nie ons menslike leerstellings en toesprake nie. Want daardeur word ons geloof gevoed en gebou.

Jy weet tog self hoe dit in die meeste kerke van ons tyd gaan. Omdat die leraar i.p.v. die waarheid van die Woord van God verkondig i.v.m. sonde, bekering, vergifnis en oordeel, sus hy sy gemeente met 'n vae teologie. Daarom is daar so bitter min bekerings in ons kerke, om nie eers van herlewing te praat nie.

(Vervolg op Bl. 4)

Is Healing for



The greatest obstruction in the way of the faith of many of us who are seeking God's healing in these days, is lack of assurance of God's Will to heal EVERYONE.

Nearly everyone knows that God heals some people, but modern theology prevents people from having a clear understanding of what the Bible teaches us, namely that healing has been provided for ALL.

It is impossible to receive a blessing from God with boldness and gratitude if you are not sure if God wants to give it to you, because the blessings of God can only be received when the will of God is understood, trusted and acted upon. **Now this is the confidence that we have in Him, if we ask anything according to His will, He hears us. And if we know that He hears us, whatever we ask, we know that we have the petitions that we have asked of Him. (1 John 5:14-15)**

The best way to establish what the will of God is, is to read the four Gospels which are the teachings and works of Jesus Christ. JESUS WAS THE PERFECT WILL OF GOD IN ACTION. His life was a revelation and a manifestation of the unchanging love and will of God.

The Bible contains God's last Will or Testament in which He declares all the blessings of redemption. As it is His last, final Testament or Will, if anything is added to it, it would be fraud. If healing is God's will for us, we would be changing His Testament, if we said, He is not willing to heal ALL, as His Will so clearly shows us! Jesus is not only the Testator who died, but He rose again and is also the Mediator of that Testament or Will. He is our Intercessor at the Right Hand of God.

JESUS WAS GOD IN ACTION

The best way to establish what the will of God is, is to read the four Gospels which are the teachings and works of Jesus Christ. JESUS WAS THE PERFECT WILL OF GOD IN ACTION. His life was a revelation and a manifestation of the unchanging love and will of God. He literally personified the Will of God for us. We read many times in the Gospels, how many sick were brought to Jesus, ……. And He healed them ALL. He unveiled and performed the Will of God for all people. We read in Hebrews 10 verses 5 and 7: **Therefore, when He came into the world, He said: ….. "Behold I have come – in the volume of the Book it is written of Me - To do Your Will, O God."**

For I have come down from Heaven, not to do My will, but the Will of Him who sent me. (Joh. 6:38)

Everything Jesus did to meet the needs of man during His early ministry was a direct revelation of the perfect will of God for mankind. The church can no longer pray for the sick with the FAITH DESTROYING words: "*If it is Your Will*". The message that is taught in the four Gospels (Matthew, Mark, Luke and John) is one of COMPLETE HEALING for spirit, soul and body, for EVERYONE who came to Him expectant and believing. If it were not so, how could we ever pray in faith for the sick?

When we read of people who sought healing from Jesus during His earthly ministry, we read of just one person who prayed, **"Lord, if You are willing, You can make me clean."** He was the poor, wretched leper who did not know what the will of Jesus was in connection with healing. The first thing that Jesus did was to remove and correct His uncertainty by assuring him and saying: **I am WILLING; be cleansed." And immediately his leprosy was cleansed. (Matt. 8:2).** We see from this account that no longer is it:, "if it is Your Will" when it comes to God's desire to heal, because - IT IS GOD'S WILL! The leper in Matt. 8:2 said: **If** You are WILLING, You can cleanse me. Jesus answered: I AM WILLING, And He is the same yesterday, today and forever. (Heb. 13:8)

Let these words, I WILL, settle this matter for you once and for all, because the actions and words of Jesus proved forever that it IS GOD'S WILL TO HEAL THE SICK. If it is His Will to heal one, then it surely follows that it is His Will to heal all. It is certainly not His Will that ANY should perish but that ALL should come to repentance (be saved) according to His promise in 2 Peter 3:9. The same applies to His Will for healing. We read in **James 5:14: … Is there ANY sick among you?** ANY, includes YOU and ME. When the people were bitten by poisonous snakes, EVERYONE lived who looked upon the brass serpent. (Numb. 21:9). Likewise today, EVERYONE who looks to Jesus, our Redeemer and Healer, is saved. Surely everyone has the same opportunity to be healed by the grace of God, through the finished work of Calvary.

EVERYONE is equal when it comes to the benefits of the Atonement, and that is exactly why the Gospels use words such as, EVERYONE and ALL. Sometimes parents favour one child above another, but God does not do this. Everyone who is obedient to, and adheres to His conditions, receives exactly the same. If we do our part, God is always faithful to do His, without exception. The benefits of Calvary are for you. If God healed ALL in the early days, and He is still the same according to Heb. 13:8, then He still

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Is Healing for All?)
heals ALL today - ALL who come to Him for healing.

…… and great multitudes followed Him, and He healed them ALL. (Matt. 12:15)

……. They brought to Him all who were sick, and begged Him that they might only touch the hem of His garment. And AS MANY as touched it were made perfectly well. (Matt. 14:35-36)

And the whole multitude sought to touch Him, for power went out from Him and healed them ALL. (Luke 6:19)

When evening had come, they brought to Him many who were demon-possessed. And He cast out the spirits with a word, and healed ALL who were sick, that it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying: "He Himself took OUR infirmities and bore OUR sicknesses." (Matt. 8:16-17)

This fulfilling of the prophecy by Isaiah still applies today: Jesus bore our infirmities and sicknesses and still heals today. Always remember that YOU are included in the 'OUR' of Matthew 8:17, and God honours His covenant to continue healing ALL who are sick and infirm, in order to fulfil Isaiah's prophecy.

My Covenant I will not break, nor alter the word that has gone out of My lips. (Ps. 89:34)

Now when the sun was setting, all those who had ANYONE sick with diseases brought them to Him; and He layed His hands on EVERYONE of them and healed them. (Luke 4:40) HEALING WAS FOR EVERYONE in those days, and Jesus the Healer has never changed. (Heb. 13:8).

Healing is part of the Gospel of our Lord Jesus Christ and must be preached to the entire world, to every person, and it will be effective until the end of the age. (Mark 16:15, Matt 28:20)

The Divine blessing of physical healing is for EVERYONE because it is part of the Good News,. Jesus was concerned about the sick right to the end of His ministry here on earth, for in Mark 16:18 His last words to His disciples were: "lay hands on the sick and they **WILL** recover." Many people acknowledge the fact of Divine healing, but have not had a personal experience of Jesus as the Deliverer of their bodies. They have seen how others have been healed but question if it is God's Will for them. They wait for a special revelation of the Will of God in their case. Because the Will of God concerning healing is already revealed to us in the Bible, it is not necessary for a further special revelation of His Will to be given. He has already made His Will clear in His Word. A thorough study of the Scriptures will clearly show that God declares that HIS WILL INCLUDES HEALING FOR HIS CHILDREN. He declared Himself THE HEALER OF HIS PEOPLE. D

"...As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word. Want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding...." Rom. 10:9-10

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Ons wandel deur Geloof)

Moet nie deur hierdie moderne set van die duiwel om die bos gelei word nie. God wil Sy Kinders ontmoet deur vir hulle net die beste te gee vir hulle daaglikse lewe, maar ook geestelike gawes skenk Hy aan Sy Liggaam om hulle aan te moedig en te stig en dit is beslis ook nog in ons dae - nêrens sê die Woord dat God se wonderwerke opgehou het nie, of net vir 'n sekere tydperk bedoel was nie.

Rom. 10:8: Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van geloof wat ons verkondig.

Hier sê God vir ons dat Sy Woord in ons hart en in ons mond is. (Hoe sê ons in die spreektaal

waar die hart van vol is, loop die mond van oor.) Daarom moet ons God se Woord in ons hart kry, volop daarvan, en dit sal by ons mond uitkom, en dit sal die Woord van die Geloof wees. In Mark. 11:23 sê Jesus: as jy glo dat wat jy sê sal gebeur, sal jy verkry wat jy sê.

Rom. 10:9-10: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word. Want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.

Hier wys God vir ons baie duidelik daarop dat die belydenis van ons mond deel uitmaak van ons bekering, ons redding. Want ons glo dat Jesus Christus uit die dode opgestaan het en dan bely ons dat Hy die Here is. Daarom kan ons dus nooit geheime gelowiges wees nie, want ons moet teenoor ander sê wat die oortuiging van ons hart is i.v.m. Jesus Christus, die Seun van God (Mat. 10:32).

Maar hierdie instruksie wat God gegee het vir die redding van ons siele, is die sleutel om God se seëninge op elke gebied van ons lewe deelagtig te word: met jou hart glo en met jou mond bely. En dis met die hart, met die gees wat ons glo, nie met ons verstand nie, want ons verstand is deel van die natuurlike mens wat wil sien en voel voordat hy dit sal glo.

Rom. 10:17: Want die geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God.

Ek wil terugkom na hierdie teks, omdat dit met my praat oor hoe ons hoor of luister.

Luk. 8:18: Pas dan op hoe julle hoor .....

Ons moet fyn luister, want as ons verkeerd hoor, mag ons geweldig baie verbeur, veral op geestelike gebied. Toe Jesus Christus byna 2000 jaar gelede aan die Kruis op Golgota gesterf het, het Hy alle mense gered (2 Kor. 5:19). **Dit is Sy Wil dat niemand verlore mag gaan nie!** Maar dis my eie individuele keuse of ek daardie offer van Christus om

(Vervolg op Bl. 6)

UIT ONS POSSAK

Ek was saam met 'n groep by 12 Augustus se genesingsdiens. Ek het baie jare aan my rug gely en sewe rugoperasies gehad. Ek het geweldige pyn verduur en niks het vir my gehelp nie. Ek was ook vir 'n tyd geestelike dood in my binneste en gevoel asof ek ver van die Here was. Van die oomblik weet ek by die portaal van die sentrum instap, ervaar ek dat die Heilige Gees met my besig raak. Dr James het vir my rug gebid en ek is oombliklik genees siel, gees en liggaam. Ek is 'n nuwe mens en dien die Here soos nooit tevore. Ek gee Hom al die eer! Liefde aan almal by die sentrum.

Mev I Bronkhorst, Naboomspruit

Ek is op 16de Augustus met prostaat kanker gediagnoseer na verskeie toetse. Die telling was 21, en die normale teling is tussen 0 en 5. Ons het dadelik aan u 'n faks gestuur om voorbidding te vra. Dieselfde nag om 12.30 nm het ek 'n geweldige drukking op die prostaat keelseer is verby. Ek kon nie ophou vertel van Sy aanraking nie.

Mev H Brand, Citrusdal

Ek groet u in die naam van Jesus. 'n Maand gelede het ek vir u gevra om vir my te bid vir die artritis en die velsiek wat daarmee gepaard gaan. Ek wil die Here loof want ek is steeds verlos daarvan en daar is voorwaar 'n verbetering in my vel. Ek loof en dank God vir dit wat Hy vir my gedoen het. Liefde groete

Mnr C Willemse, Grabouw

Dr James, die Woord sê in Jak. 5:16 die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag. Aan God al die eer vir genesing van al my sere nadat u vir my gebid het op Sondag 22/5/2005 na u nagmaal bedien het. Loof die Here. Mag God u en die Sentrum ryklik seën.

Mev D Lubbe, Bloemfontein

"....en daarom wil ek net dankie sê aan ons Hemelse Vader en Jesus wat vir ons voorspraak maak...."

gevoel en weer 'n uur later. Ek het geweet die Groot Geneesheer het my aangeraak want ek het die gewaarwording van Sy teenwoordigheid gevoel. Ons het rustig aan die slaap geraak en ek is toe op die 12de September na die urologiese hospitaal in Pretoria vir biopsies om te besluit oor die operasie. Ek het gesê ek kom net vir bevestiging dat ek gesond is. Prys die Here!! Op die 15de September het Dr. van der Merwe my geskakel en gesê die laboratorium het haar weet ek is skoon. Geen kanker nie. Loof die Groot Geneesheer saam met ons!! Hy sê: "Ek is die Here wat jou gesond maak!" Baie dankie aan u en die span dat u vir my gebid het en vir 'n volmaakte genesing. Loof die Here. Alles wat mooi en goed is word u toegebid. Liefdegroete.

Mnr en Mev J Grobler, Eendrag

Het laas week gevra u moet saam met my bid oor my man Frikkie, hy het uitslae gekry, en dit is skoon. Alle lof en eer aan die Here!! Bewys net weer Sy genade met 'n mens. Dankie vir die saam bid.

Mev M Potgieter, Volksrust

Ek groet u in die naam van die Here. Ek wil net vir u dankie sê vir u gebed van die dogtertjie wat TB gehad het. Die Here het haar volkome genees. Ek loof en ek prys die Here daarvoor!! Ek wil ook vir die Here dank en prys vir die mense van die huis wat u ook voor gebid het. Die Here het ingegryp en hulle het hulle huis behou. Dit is 'n wonderlike Here wat ons dien. Die Here seën u.

Mev M Erasmus, Caledon

Ek groet u in die mooi naam van Koning Jesus. Ek rig die briefie aan u om dankie te sê vir die gebed. Die Here het Charlton genees van sinus. Die genies en gejeuk en

Sedert ek by u was vir gebed vir my rug, het ek nie weer rugpyn gehad nie. Die gastehuise se besetting is ook in tussen baie goed. Prys die Here daarvoor!! Ek geniet ook al die literatuur wat ek daar gekry het ontsettend baie.

Mev S Els, Lynnwooddrif

Dr James ek wil net eers dankie sê vir die gebede wat u en die sentrum opgestuur het na ons Hemelse Vader toe my seun en skoondogter se huwelik begin wankel het. Daar het 'n groot wonderwerk gebeur, die huwelik het staande gebly en daar is liefde verdraagsaamheid en wedersydse vertroue in. My seun het u boekie gelees en daar volgens begin doen en leef asook my skoondogter het verander, en daarom wil ek net dankie sê aan ons Hemelse Vader en Jesus wat vir ons voorspraak maak. Dit is 'n wonder werk wat plaasgevind het.

Mev S van der Merwe, Rayton

My vroutjie Anne het laat weet dat sy 'n laaste kennisgewing gekry het rakende ons huis. Ons skuld was 'n paar duisend rand uitstaande. U weet ek het die Stanger Sentrum se gemeente gevra vir gebed. Die Sondag het 'n suster ons besoek, en sy sê dat die Here 'n woord vir haar gegee het vir verskeie van ons. Hierdie suster wat geensins ken, sê aan my dat die Here my gebed gehoor het, en dat my skuld verwyder is. Ek het toe weer vir Anne geskakel en sy sê dat die staat ons skuld afgeskrywe het. Alles!! Daarom wil ek die Here die eer gee en dankie sê vir julle se gebede.

Mnr D Edwards, Mosselbaai

(Vervolg op Bl. 6)

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Getuienisse)

Ek wil net baie dankie sê vir u en die span se gebede in verband met ons seun se drank probleem. Hy het 'n drankprobleem gehad en het nog nie weer gedruk nie. Ek wil net getuig dat gebed en geloof nog altyd gewerk het of dit twee of drie of 'n span se gebede is. God hoor en verhoor!! Alle eer en lof aan Hom, die Alomteenwoordige. Groete

Mev J Steyn, Vermaas

Talita was twintig weke swanger toe haar bloeddruk gevaarlike hoogte bereik het. Ses bloeddruk pille per dag kon dit nie afbring nie. Die ginekoloog het voorgestel dat die baba verwyder moet word waarvoor Talita nie wou instem nie. Sy moes toe die volgende dag die spesialis gaan sien met haar leër vol rooi strepe omdat haar bloeddruk so hoog was. Ons het die sentrum geskakel en dr. James het vir haar gebid. **Toe sy by die spesialis kom was haar bloeddruk heeltemal af en sodoende is haar baba se lewe gespaar.** Dankie dr James vir die gebede. Aan die Here al die eer en lof!!

Talita, Johannesburg

Hiermee my innige dank vir die nuusbrief wat ek so gereeld en dikwels betyds ontvang. Mag die seëninge van ons God en Vader u meer en meer toeval. Ons wil ook by hierdie geleentheid u bedank vir u bede vir ons kleindogter Patricia Kruger wat kanker gehad het. So drie jaar gelede het ons u geskakel vir gebed. **Sy was op daardie stadium baie siek en ons het gedink dat ons haar gaan verloor. Maar dank die Here vir Sy genesings krag, Sy is vandag skoon van kanker en gaan volgende jaar skool toe. Sy is nou ses jaar oud.** Groete en liefde in die Here.

Pst. N Kruger, Klerksdorp

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Ons Wandel deur Geloof..)

gered te wees, gaan aanneem vir myself, want elkeen is verantwoordelik vir sy eie keuse. God wil nie hê jy moet verlore gaan nie. Hy het immers die hel vir Satan en sy engele gemaak - God se Woord sê so - nie die mens nie.

Spr. 6:2: My seun, as jy .... verstrik is in die woorde van jou mond, gevang is deur die woorde van jou mond ....

Die wyse Salomo het al besef wat 'n belangrike rol die woorde van ons mond in ons lewens speel, en dat dit ons kan verstrik, kan vang. Of loof God, dit kan vir ons uitlig en opbou en voortstu op die oorwinningspad.

Waarvan is jou gedagtes vol: twyfel en vrees, ongeloof, mislukking. Dan sê jy gedurig: "Ek sal dit nie maak nie. Ek is nie goed genoeg nie." Hierdie is die duiwel se terrein: aftakeling. Onse God is 'n positiewe God. Alles in Christus is duidelik en seker. Niks is miskien of amper of per geluk nie. Die duiwel oortuig jou selfs dat 'n mens nooit kan seker wees van God se Wil nie. Soms is dit so, en soms is dit sus. Soms werk dit en soms nie. En as ons eers met die duiwel sò saamdink en saampraat oor God se gesindheid teenoor Sy Kinders, sal niks van God se beloftes vir ons werk nie. Want dis hoe twyfelgedagtes dink en ongeloof is en dit beroof ons van God se seëninge.

Kom Geliefde, ons God het ons lief en Hy wil ons net die beste gee; kom ons bely dit met ons mond en ons sal kry wat ons sê (Mark. 11:23).

"...Die wyse Salomo het al besef wat 'n belangrike rol die woorde van ons mond in ons lewens speel, en dat dit ons kan verstrik, kan vang. Of loof God, dit kan vir ons uitlig en opbou en voortstu op die oorwinningspad..."

God se Woord sê **jy is 'n oorwinnaar, 'n wenner. Jy is genees. Jy is nie 'n ongelowige nie, maar 'n gelowige. Jy het 'n maat van geloof wat 'n berg kan versit (Rom. 12:3; Mat. 17:20).**

Laat ons Satan se woorde van mismoedigheid en mislukking uit ons woordeskat haal. Hy wil hê ons moet onsself gedurig aftakel en sê hoe swak en vol sonde en ellende ons is. En so is ons 'n hopelose advertensie vir Jesus Christus wat Sy Kosbare Bloed vir ons gestort het, sodat ons in Hom meer as oorwinnaars kan wees. Ons minag Sy offer deur ons klaagliedere en treurmare: *Ons is 'n nuwe skepsel,* God het ons *nuut gemaak toe ons Sy Kind geword het!* Nou sê ons gedurig met ons negatiewe praatjies dat dit nie so is nie, dat ons maar steeds die ou sukkelende mens is - lieg God dan? Nooit!

Gaan nou net daar waar jy is, op jou knieë en vra God om jou van hierdie oomblik af te help om net Sy Woorde van oorwinning en oorvloed en gesondheid te spreek en nie langer Satan 'n geleentheid in jou lewe te gee deur van jou mond gebruik te maak nie.

Die wyse Salomo het geskryf: **Dood en lewe is in die mag van die tong (Spr. 18:21).** Pas tog net op dat jy die Woord van God nie aframmel soos toorwoorde sonder dat jy GLO wat jy sê nie - dis 'n gebied waar baie van die Charismatiese kerke oorboord gegaan het met die sogenaamde "Positive Confession." Leer egter aan om God se Woord oor jou lewe en omstandighede te spreek. en dis weereens DIE WOORD wat jou geloof sal opbou.

DIE GELOOF DAN IS 'N VASTE VERTROUE OP DIE DINGE WAT ONS HOOP, 'N BEWYS VAN DIE DINGE WAT ONS NIE SIEN NIE (Heb. 11:1).

GELOOF IS OM VADER GOD TE VERTROU OM TE DOEN WAT SY WOORD Sê HY SAL DOEN. a

Uit Dr James se Kantoor

Geliefdes in die Here,

Die Woord van die Here verduidelik in Matt. 6:7-8: **En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. Moet dan nie soos hulle word nie want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.**

Toe ons onlangs 'n genesings diens hier by die Sentrum gehad het, het die Here dit op my hart gelê om met die mense te deel hoe die Kerk vir my soos die heidene geleer bid het. Dit is voordat ek die Here Jesus leer ken het. Ek het nie geweet wat die Here se wil was nie, want Sy woord was tradisioneel aan my verkondig. Dit was eers toe ek wedergebore was dat my geestelike oë geopen was, daarna kon ek die Here benader volgens Sy voorskrif en wil, wat natuurlik Sy Woord is. Die wil van ons Hemelse Vader is nie 'n verborge geheim nie, en was altyd vrylik aan Sy kinders beskikbaar in Sy Woord vir diè wat daarna gesoek het. Ons lees in Joh. 8 vers 31-32: **....as julle in My Woord bly, is julle waarlik My dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.** Ek glo nie dat diè feit duideliker gestel kon wees nie. Al wat ek ooit geleer het was wat tradisie my mee geindoktrineer het en hulle interpretasie van God se Woord.

As ek dink hoeveel wonderwerke en genesings ek oor die afgelope dertig jaar gesien het, is daar vir my geen twyfel dat die Here, Sy Woord bevestig deur wonders en tekens nie. Vader God sê: "Ek is die Here wat jou gesond maak." Jesus sê: "Ek doen net wat die Vader my beveel" nl. Sy Wil, en Hy het elke siekte en kwaal onder die volk genees. God het nooit verander nie, en Jesus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid.

Daar was so om en by dertig mense wat die genesingdiens bygewoon het, en die Here was weereens getrou aan Sy Woord. Diè wat rug probleme gehad het, is wonderbaarlik genees en die pyn het onmiddellik verdwyn. Diè wat doof aangekom het is genees, sowel as diè wat oog kwale gehad het. Ons prys die Here vir diè wat sovêr gekom het om te getuig van die wonderwerke wat die Here Jesus, na gebed in hul lewens gedoen het. Net soos die tiende melaatse wat teruggekom het om dankie te sê! Aan Jesus al die eer! Ons moet altyd onthou dat die grootste wonderwerk wat ooit kan plaasvind is wanneer 'n mens hulle hart aan die Here Jesus gee. Toe die mense na Jesus gekom het en Hom gevra om vir hulle 'n teken te gee, het Hy hulle aan die teken van Jona verwys. Met ander woorde, dat Hy na drie dae uit die dood sou opstaan! Daarom maak ons 'n punt daarvan om **eers** die evangelie te verkondig en **dan** vir die siekes te bid. Ek wil weereens elkeen aanmoedig om die evangelie te verkondig en gehoorsaam aan die gebod van die Here te wees volgens Markus 16: 17-18. **En vir diè wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem;** (die werke van Satan) **en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê en hulle sal gesond word.**

Ons loof en prys die Here vir al die skoliere en studente wat nou besig is om eksamens te skryf, en dat Hy vir elkeen sal bystaan en dat die goeie resultate tot Sy eer sal wees.

Weereens wil ons baie dankie sê vir al julle gebede, briewe, getuienisse, oproepe en getroue ondersteuning in elke opsig.

Wees verseker van ons liefde, waardering en gebede.

Baie liefde groete.

Dr James

Kry ons boeke "**Hoe 'n Christen moet bid**", "**Geloof soos 'n Mosterdsaad**" en "**Is God's Divine healing for Everyone**" beskikbaar vanaf die Christelike Sentrum teen R4 elk

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende Vrydae:

11 November 2005
9 Desember 2005

Genesingsdienste begin om 8.30vm. Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

HOW TO PLACE AN ORDER:
Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us. **NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP**

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐ M47 The Name of our God
☐ M50 Charismatic Witchcraft
☐ M52 The laughing spirit explained
☐ M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐ M60 How Great is your God
☐ M61 Faith as a Mustardseed
☐ M62 What does God expect of the family
☐ M63 What does the Bible say about Baptism
☐ M65 The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐ 16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐ 61 What does God demand
☐ 62 How to bury the past
☐ 64 The Christian and Job

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea
CD's-Dr JJ van Zyl—R20.00ea

☐ A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐ A25 The Faithfulness of the Father
☐ A28 He is Risen
☐ A30 Healing through the Cross
☐ A33 Holy Cows of religion
☐ A34 The Unlimited power of God's Word
☐ A35 Forgiveness & Healing
☐ A38 Fellowship with Christ in Communion—Tape 1
☐ A39 Fellowship with Christ in Communion—Tape 2
☐ A40 Tsunami & the rapture

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐ D32 God's Promise -Restoration (D.Gericke)
☐ D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐ D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐ D38 The Presence of God – DGericke
☐ D42 Heart Pleasing to God - D.Gericke
☐ D46 Be strong and courageous - D. Gericke
☐ D 47 Your Foundation - D. Gericke

BANK DETAILS
Stanger Christian Centre
First National Bank,
Acc No. 53730091667,
Branch code: 220129
Branch: Stanger
Fax no (032) 552 5411

HOE OM TE BESTEL:
Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-Innerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐ 13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 27-Die Doop en Tradisie
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐ M64-Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk
CD's deur Dr James-R20.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak
☐ A37—God Reageer op Kinderlike Geloof
☐ A41—Die Krag van die Waarheid

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande—ander sprekers-R10.00
CD's—ander sprekers-R20.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐ D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

If you would like to receive a free copy of Faith in the Word, or place an order, please complete the following and return to us by fax/post.

Name: ……...……..……Surname:… ……..……

Address: ……Code: ……..…..

' NEWSLETTER ' CHEQUE ' BANK DEPOSIT ' P/ORDER

Total: R……

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……Van: ……..……

Adres: ……..……Kode: ……..…..

' NUUSBRIEF' TJEK ' BANK DEPOSITO ' POSWISSEL

Totaal: R……